Rietvallei

Kampnuus

# San Cha Len

**21 TOT 23 NOVEMBER 2025**


Wanneer Rietvallei in November saamtrek hou dan weet jy:

- Dit is tyd om Rietvallei se jaar af te sluit,
- Vrydagaand sal daar niks te kope wees nie en jy sal maar self moet vuur maak.
- Saterdagmiddag gaan "iemande" die eetkamer-plek regmaak en versier.
- Sondag se kuier gaan met waatlemoen wees.
- Dit gaan reën – die een of ander tyd.
- Daar gaan 'n goeie opkoms na die saamtrek wees.

Die saamtrekkennisgewing sê dat die saamtrek van Vrydag tot Sondag duur, maar San Cha Len se week aanbiedinge is oor die algemeen so aantreklik, dat daar vir omtrent twee weke deurlopend Rietvalleiers in die oord was.



*Welkom by ons feesmaal!*



*'n Jaarafsluiting, goed afgerond.*

**Begin julle solank**

Sondag, 16 November, het Klaus-, Tjaart- en Sieg- hulle die staanrekening geopen... met reën natuurlik! Teen die tyd dat die waens en tente opgeslaan was, was meeste in verskillende grade van deurnat. Deur die week het Rietvalleiers by Klaus-hulle aangesluit. Van Sondag 23 het mense weer begin vertrek en toe was Tinus- Bertus- Ann- en Henry-hulle, reg om nog ’n week te kamp. Henry hou homself deesdae goed besig met kamp, want hy het van ’n saamtrek by Loskopdam by San Cha Len aangekom.

Behalwe die gewone klomp, was dit lekker om weer saam met André en Matilda Brits te kon kamp; die Brits’e is maar skaars, want André se werkgewer vereis dat hy meeste van die tyd in die aanleg moet spandeer. Willem en Sonja de Jongh sou ook saam kom kuier het, maar ongelukkig het Willem se gesondheid dit nie toegelaat nie. Linda van Vuuren het ook weer saam gekuier.

**Die grondpad**

Die grondpad van die R516 tot by San Cha Len is maar 3,4 km (sê Google), maar dit neem mens nog altyd ’n gerieflike 15 minute om die stukkie af te lê; die pad is net té sleg, al sleep Whitey en sy vriende bande op-en-af in die pad om dit beter te maak.

Al het mens geweet van die pad wat wag, was dit ’n aardige verrassing om die kontruksie gedoentes voor in die pad te sien, daar waar die pad noord draai. So ver mens kon sien, was die pad onder konstruksie en op die oog af eintlik maar onbegaanbaar. Groot vragte grond lê op die pad om weggewerk te word en van verbykom lyk die kanse min. Ons vra toe maar vir die eerste-beste langs-die-pad-werker wat ons teenkom of dit régtig die pad is. Ja, verseker sy, ry maar net langs die pad, daar waar die vragmotors juis aankruie. Net daarna ry ons die stop-en-ry raak om te wag dat einste vragmotors die pad ontruim. Vir die volgende blokkasie was daar nie ’n ompad nie. Nee, ry maar so met die regterwiele op die randjie van die pad en die linker wiele in die afvoer “sloot”. Dit is ’n skuins-skuins ryery met die woonwa wat nog nie tevore só skuins geloop het nie, maar dit gaan. Linda is ook aangesê om dié roete te ry, maar toe loop sy haar vas teen ’n grondversperring nét te hoog vir (selfs) haar Terios. Maar wat, niks wat die projekleier nie uit die weg kon krap nie, al was handgereedskap maar skraps.

Whitey vertel dat ’n sweedse maatskappy besig is om ’n sonplaas te bou, aan die noordekant van die toevoerpad en hulle het ’n ordentlike pad nodig om al die toerusting in te kry. Dit klink of die maatskappy self die padverbeterings aanbring en sommer gou, soos in vanjaar nog, wil hulle die pad klaar hê. Maar nee, die pad sal nie geteer word nie; altans nie soos dinge nou staan nie. Dit is te verstane dat die grondeienaars hierlangs nogal opgewonde is oor dié ontwikkeling!

Soos met Linda, is die konstruksie-mense tegemoetkomend om te help waar hulle kan. Van ons mense vertel dat hulle sien hoe die padskrapers die pad voor hulle omploeg en dan dadelik ’n plan maak om hulle verby te laat kom. Die mense neem die konstruksie ernstig op, want Vrydagaand laat nog was hulle aan die gang. Met die vertrek van die oord Maandagoggend was hulle ook reeds besig. Maar, omdat dit kort voor die tyd nog gereën het, het ons voertuie (en waens) modder versamel. ’n Soort van aandenking aan die Bosveld, wat tuis met mening afgespuit moes word. Die vooruistig op ’n beter pad maak dit alles die moeite werd.

**Die oord**

San Cha Len is een van die bekende en gewaardeerde oorde op Rietvallei se jaarprogramme. Oor die afgelope paar jaar het Rietvallei elke jaar die een of ander tyd daar gestaan. Dit is aangenaam om te sien dat die oord-eienaars moeite doen om groter onderhoud te doen en om besoekers se voorstelle in ag te neem. Die oord is besig met redelik omvattende werk aan die ablusieblokke en waterafvoerstelsels. Van ons lede het tevore in die terugvoerstrokies gekla oor die vloere in die storte. Die gladde rivierklip wat met sement ingevul is lyk goed en dreineer maklik, maar kan ongerieflik onder kaal voete wees. Die vloere word vervang met ’n eenvoudige vloer, wat vriendeliker op die voet is. Daar is ook groot werk aan die gang met die riolering en water afvoerstelsels. ’n Groot deel van die werk is reeds afgehandel en daar is genoeg tekens dat die werk voortgaan. Heelwat werk is gedoen sedert Rietvallei se vorige saamtrek hier in 2024.

**Staanplekke**

Die uitleg van die staanplekke het nie verander nie. As gevolg van die Bosveld-aard en die aanvanklike ontwikkeling van die oord wat stuk-stuk gebeur het, is die staanplekke nie almal ewe groot nie. Maar, dan het almal nie ewe groot staanplekke nodig nie. Sou mens met 'n dubbel-as wa soos Bob Vaughan se boswa daar aankom, gaan jy beslis nie regkom op dieselfde staanplek waar iemand met, sê, 'n Sherpa Tiny kan regkom nie. Meeste van ons verpes dit om gesê te word hoe en waar jy jou wa gaan trek; 'n goeie voorstel is gewoonlik goed genoeg. By oorde soos San Cha Len is dit, met die verskillende staanplekgroottes (en die besettings tydperke), eintlik beter om maar 'n staanplekplan uit te werk om vir almal die beste moontlik te bied. Gelukkig het Whitey 'n goeie onthou van die meeste Rietvalleiers en hul waens en het hy die toedeling gemaak so goed hy kon, met insette van Tjaart (hy wil mos eerste by die oord aankom!) Met dank aan Tjaart en Whitey, wat die meet en passery vooraf gedoen het. Ongelukkig het Frans-hulle op staanplek 1 geland. Vandat 'n langstaner staanplek 2 geannekseer het, maak dit ongelukkig dat die mense op staanplek 1 so 'n bietjie eenkant kan voel. Vorige keer het Willem en Sonja daar moes staan. Ons vra vir begrip veral by groter en populêre saamtrekke, wanneer meet en pas nodig mag wees.

**Saterdagoggendstap**

Met die koeler weer in November vanjaar, was dit aangenaam om Saterdagoggend deur die plaas te stap. Sieg het in die week bietjie verkenning gaan doen en het ons 'n paar nuwe paaie gewys. Mens kom agter dat die bedryf van die oord nogal meer is as wat te siene is in die "hoof" kamp. Daar is 'n kamp aan die suidekant van die plaas wat heeltemaal onafhanklik vir dienste van die hoofkamp is. Die kamp was vir 'n jaar of wat in onbruik. Met ons besoek in 2024 kon mens sien dat daar lewe in die kamp kom. Die werk wat intussen daar gedoen is, is indrukwekkend, veral inaggenome dat die befondsing waarskynlik deur die bedryf van die "besigheid" gedra moet word. Die onthaalruimte (met kombuis teen die een kant) is netjies skoongemaak en beskikbaar; so ook die "speelkamer" (daar staan 'n snoekertafel) én die klein swembadjie is uitgeverf en vol water; die skóón soort. Dit lyk of daar een of twee langstanerwoonwaens is die kamp is.



*Die stappers kom by mekaar: Anne-Marie Engelbrecht, Hennie, Cules, Stefanie, Klaus, Frans, Sieg, Johan, Erna en Chris Stander*

**Wit Olifantverkoping**

Na 'n suksevolle wit olifantverkoping tydens vanjaar se spookkamp by Onverwags, was daar toe belangstelling vir nog 'n verkoping, maar net nie té gou nie en liefs by een van die meer populêre saamtrekke. Wel, na 8 maande en met een van die meer populêre saamtrekke vir die jaareindfunksie, klink dit na 'n belowende gedagte. 'n Meningsopname het belangstelling bevestig; daar was 10 Ja's en 5 Miskien's.



*Om te oorweeg, te bespreek en dalk te koop.*

So van half tien af begin die mense goeters aandra en gaandeweg kry die verkoping rigting. Nie 'n 'n ruk-n-pluk grypgedoente soos die uitverkopings in die winkels nie. Dis 'n optel en neersit en wonder en weer "voel" of dit die regte koop kan wees.

Soos die vorige keer, het ander gaste en veral langstaners ook nader gestaan. Dit ontaard toe in ’n lekker kuier en’n ken-mekaar. Hierdie kennismaking was nogal die moeite werd. Daar is gewoonlik nie veel geleentheid om met die ander (nie-SAWA) gaste te kuier nie en hierdie geleentheid was waardevol. Ons het agtergekom dat van die mense geselskaphonger was en nou hoor mens sommer ’n klomp ander insigte en opvattings. As jy mooi kyk, kan jy nogal leer van die onderlinge verhoudings tussen die langstaners. (Toemaar ons laat vir nou die Rietvalleiers buite die prentjie!)



*Ander San Cha Len gaste het ook kom kyk en koop. ’n Gawe manier om mekaar te leer ken.*

Ons dink die verkoping was die moeite werd; van hier het ’n paar boeke verdwyn. Ons het ’n paar geskenkies raakgeloop, ’n oulike CD en ’n interessante boek oor die vuurtorings om ons kus (iets wat maar skaars is). Die inkomste was ook glad nie te versmaai nie, sê Tjaart. Boonop het ons gemaklik met ander San Cha Len-gaste gekuier.

Wanneer maak ons weer olifante bymekaar? Wanneer die aptyt vir ’n olifant weer kop uit steek.

Baie dankie vir al die skenkings en die aankope en veral dat al die oorblywende “goete” weer verdwyn het.

**Jaarafsluitingsfunksie**

Die “Tent van Samekoms” het in die afgelope jaar ’n opgradering ondergaan met ’n nuwe, meer permanente, dak en gekleurde liggies. Die oord het moeite gedoen om die plek Saterdagoggend mooi skoon te kry. In die namiddag het Dalena en ’n paar vriendinne die tent in ’n eetkamer omskep, met allerhande mooi versierings.














**Lettie Ueckermann**

Aan die begin van die byeenkoms het ons Rietvalleiers Lettie Ueckermann gehuldig. Elmarie le Roux het 'n huldeblyk gelewer, waarna 'n paar oomblikke van stilte gehou is uit erkenning en respek.



*Tjaart en Elmarie huldig Lettie*

**HULDEBLYK AAN LETTIE UECKERMANN**

Mel en sy kinders se verlies laat ook by ons
Rietvalleiers 'n groot leemte

Lettie het diep in ons almal se harte gekruip.
Lettie was 'n pienk Koningsprotea mens altyd netjies
en goed versorg.
'n Skoon oop mens wat met al die opregtheid van 'n
besondere vrou 'n baie mooi mens gemaak het.
Sy het haar medemens met deernis en respek behandel.
Sy was 'n ware Koningsblom.

Ons sal haar ook onthou vir haar poppie-projek wat vir haar
'n passie was. Met haar 1000 poppies wat sy gebrei
het, het sy baie kinderharte aangeraak.

Ons as Rietvalleiers salueer ons Koningsprotea.

Rus in vrede Lettie.



*Tjaart seremoniemeester*

Frans Scholtz het die bymekaarkom met boekevat geopen waarna Tjaart, wat vir Pieter Viljoen ingestaan het, al die dinge wat oorhandig moes word by die regte mense uitgekry het. Tjaart het 'n oulike metode gevolg. In plaas van die gewone "Man aan die woord oorhandig toekennings", het hy lede genooi om die toekennings te oorhandig en die lede deurlopend verander. Op die manier het hy betrokkenheid vergroot en die oorhandiging vir almal interessanter gemaak.

Die aandete was deur die oord verskaf, behalwe die slaaie wat deur Rietvalleiers verskaf was. Tjaart en Marietjie het beetslaai verskaf. Stefanie en Erna het 'n pastaslaai gebou – heel Saterdag, met 'n gekokery, gedoktery en uiteindelik na Maret (van die oord) se yskas vir 'n afkoelery. Stefanie het by 'n vorige saamtrek pastaslaai gemaak en mense het gevra dat sy dit weer moes maak. Maar, soos dit dikwels gaan, gebruik huisvrouens wat voor hande is en die uiteinde is 'n geleentheidsgereg; iets wat so "uitgekom" het en wat nêrens opgeskryf staan nie. Die slaai was lekker, maar of dit dieselfde as die vorige was, wie weet? Vir nagereg is malvapoeding en vla voorgesit – en ongelukkig was Pieter Viljoen nét te ver…

**Pieter Viljoen se skrywe aan Rietvallei vir die 2025 jaarafsluiting**

*Liewe Rietvallei vriende.*
*Dit is met 'n knop in die keel dat ons hierdie jaar se afsluiting mis. Beide ek en Magdaleen kan nie eers onthou wanneer laas ons nie 'n jaarafsluiting kon mee maak nie.*
*Maar, nog net 12 maande, dan is ons meer vry om die lekker dinge meer gereeld te doen.*
*Gelukkig is ons 'n baie sterk bestuurspan en kan ek met gemak op elkeen staatmaak in ons afwesigheid.*

*Ons mis almal vir Tannie Lettie en soos so baie keer al gesê, is dit een konstante binne Rietvallei wat wonderlik is, en dis die ondersteuning in beide goed en sleg wat help om almal deur harde en goeie tye te dra. Dankie dat almal so vir Mel nou op die hande dra.*
*Kom ons bly op ons knieë, sommer ook vir oom Jan de Wagenaar wat tans nie so goed doen nie.*

***Toekennings***
*Sieg en Annatjie, Klaus en Anet en Pieter en Elmarie:*
*Julle verdien hierdie ere toekennings en ons weet jul sal dit met trots en wedywer dra. Baie geluk!*

*Johan, dankie vir jou werk met die Rietstok, programme, kommunikasie ens. Jy is en bly ons staatmaker. Geluk ook met jou toekennings.*

***Algemeen***

*Aan die Stomp wenner, doen so voort. Jy en jou gade maak 'n besondere deel uit van Rietvallei.*
*Aan Francois Groenewald, ons nuwe gebiedsvoorsitter, sterkte met die werk.*

*Tjaart, baie dankie dat jy die leisels vashou die naweek, in my afwesigheid.*

*Groete –*

*Pieter en Magdaleen*

**Erelidmaatskap toekennings**



*Klaus en Anet Lübbert ontvang hulle erelidmaatskapstoekenning en sakwapen van Chris Stander*

*Ann Stewart het Annatjie en Sieg Maritz as erelede verwelkom.*



*Pieter en Elmari le Roux ontvang hulle toekenning van Klaus Lübbert*



## Rietvallei toekennings vir 2025

### Rietvallei Seniors van die jaar - 2025



*Tersia en Tinus Fourie:*
*Wenners van die Rietvallei Senior Trofee in 2025*

### Rietvallei Stomp - 2025



*Fanie Venter oorhandig die Rietvallei Stomp vir 2025 aan Chris Stander*

## Streeksaamtrek Aansporingsplaatjies



*Hennie en Anne-Marie Engelbrecht*
*180 Streeksaamtrekke*



*Bertus en Dalena Marx*
*80 Streeksaamtrekke*


## Algemene Saamtrekke - Aansporingsplaatjies



Bertus en Dalena Marx
100 Saamtrekke



Henry Hill
75 Saamtrekke



Frans Scholtz
200 Saamtrekke

## Boekevat Sondag 23 November 2025 – Frans Scholtz

Matt. 14:14 – 16

> *"Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ook steek mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. Laat julle lig so vir die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."*

Frans het ons aangemoedig om self dié lig te wees; fisies en geestelik.
Hy verwys na Joh. 12:35:

> *"Lewe in die lig (terwyl julle dit het) sodat die duisternis julle nie oorval nie."*

en Joh. 8:12:

> *"Ek is die lig vir die wêreld. Wie my volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."*

Hy verduidelik dat om hierdie lig te hê, tot 'n sinvolle lewe lei. Deur die lig wat ons het, moet ons skyn in die wêreld en so die wêreld om ons postief probeer verander. As ons nie die lig laat skyn nie, steek ons die lig weg; onder andere deur stil te bly of wanneer ons net deur die wêreld dryf; saam dryf waar die lewensstroom ons ookal voer.

Uit hierdie lig waarvan geskryf word, onderskei Frans verskillende tipes lig, wat elk 'n eiesoortige funksie het:

- Olielampe verlig die omgewing hier by ons vir die hier en nou.
- Weerkaatste lig is die lig wat ons ontvang, wat ons weerkaats om die boodskap uit te dra.
- 'n Kollig wys die pad vorentoe en kyk verder as die huidge.
- 'n Vuurtoring wys gevaar uit. 'n Manier om te waarsku teen bekende teenspoed en gevare.
- Bakens (en lei-ligte) is gegewe verwysingspunte. Hulle wys die waarheid met sekerheid.
- Sonlig is 'n bron en simbool van groei; die groei wat van ons, in ons geloof, verwag word.

Frans het 'n paar voorstelle gegee oor hoe om ons lig te laat skyn, in lewensomstandighede wat dalk nie altyd so maklik is nie.

- Skyn, al het jy nie al die antwoorde nie. Jy hoef nie alles te weet of te kan verklaar nie.
- Help mense reg waar jy kan, maar moenie aanhou reghelp nie. 'n Vuurtoring waarsku, of die seelui aandag gee of nie.

- Gee eerlike komplimente aan die mense om jou. So help jy mense op en bou hulle selfwaarde om hulle te help om hulle roepings en take uit te voer.
- Moenie stres nie! Doen wat jy moet en kan en laat dit daar.
- Draai weg van mense wat voortdurend aanvegtend is.
- Bly uit die “rat race”.
- Werk aan verhoudings eerder as aan jou ego.
- Leef elke dag of dit jou laaste is.
- Om gelukkig te wees, is ’n keuse. Werk daaraan!
- Moenie “om te skyn” uit te stel vir jou oudag nie.
- Glo dat Christus die Seun van God is.

Dan kan ons uitbundig lewe tot Sy eer, ten spyte van negatiewe omstandighede.

## Afsluiting én voortsetting

Saamtrek afsluiting beteken ook nie meer wat dit vroeër jare beteken het nie. Meeste SAWAnante moes vroeër gou maak om die naweekwa af te slaan en weg te pak. Gou in die pad val om aan die reëls van die oord gehoor te gee, al is dit net om van jou naweek staanplek weg te kom, soos Dirk by Zelpy beleef het; of soos by Weesgerus waar die volgende kuiermense, wat heelwat later daar behoort aan te kom, brommerig is omdat jy nie jou draaie kry nie… Gelukkig was daar geen sulke probleme nie en in elk geval was dit hoofsaaklik net die mense wat reeds ’n week gestaan het, wat oppad huistoe was; Tjaart-hulle en die Lübberts, byvoorbeeld.

Gelukkig kon ons eers die waatlemoene, wat Maret en Whitey goedgunstiglik vir ons koud gemaak het, geniet. Wel, met ’n stuk waatlemoen in die hand en ‘n 2026 jaarprogram onder die arm, is mens seker dat die jaar 2025 vir Rietvallei vir goed verby is.

Nou vir die res van die tyd se rondsit, kuier en rustig wees!



Advertensie



Advertensie



***Boekevat Vrydagmiddag by Pieter-hulle.***

*Hennie en Anne-Marie Engelbrecht,*
*Bertus en Dalena Marx,*
*Tersia en Tinus Fourie, Linda van Vuuren,*
*Cules Dreyer, Frans en Stefanie Scholtz,*
*Ann Stewart,*
*Wim en Margriet van den Berg,*
*Henry Hill, Tjaart en Marietjie Klaasen*



*André Brits en Wim van den Berg, Saterdag by die verkoping*



*Tjaart Klaasen en Nellie Stander, Saterdagoggend.*




*Johan en Tinus met die een of ander onnutsigheid.  Dankie Tinus!*



*'n Feestelike uitleg!*



*Koffietafel en tafel met items vir Lettie Ueckermann se huldiging.*



*Ann Stewart, kuier saam.*



Fanie, Alida en Henry geniet die sê goed.

Annatjie en Sieg hoor van hulle Erelidmaatskap, wat Ann gaan oorhandig.





Gelukwensinge aan die nuwe ere-lede. Klaus, Anet en Chris



Die waatlemoen word gesny:  Maureen, Bertus, Sieg, Hennie, Pieter, Klaus, Elmarie, Annatjie en Chris.



Die kampkoördineerders word deur André Brits bedank: Tjaart en Marietjie Klaasen, Erna la Grange, André Brits, Johan, Bertus en Dalena Marx, Elmarie en Pieter le Roux en Frans en Stefanie Scholtz.



Spesiale gelukwensing van een erelid aan die ander!
Klaus wens Pieter en Elmarie geluk.